**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr. : 856/2006

In die saak tussen:

**DIE STAAT**

en

**CHARLIE POQO MAJOLA**

---

**CORAM:** VAN DER MERWE, R *et* VAN ZYL, R

---

**UITSPRAAK:** VAN DER MERWE, R

---

**GELEWER OP:** 19 OKTOBER 2006

---

[1] Die beskuldigde is op 29 Junie 2006 op summiere wyse in die landdroshof ingevolge die bepalings van Artikel 108 van die Wet op Landroshowe, Nr. 32 van 1944 gevonnis tot 12 maande gevangenisstraf weens minagting van die hof gepleeg gedurende die sitting daarvan. By navraag bevestig die landdros dat die opgelegde vonnis onbevoeg is aangesien dit die maksimum vonnis van gevangenisstraf van 6 maande waarvoor voorsiening gemaak word in Artikel 108 van Wet Nr. 32 van 1944, oorskry. Die vonnis moet dus ter

syde gestel word.

[2] Die rekord voor ons vertel ‘n eienaardige en onverkwiklike verhaal. Dit blyk dat die beskuldigde sedert 12 Augustus 2005 reeds in hegtenis aangehou word op ‘n aanklag van ongelisensieerde besit van ‘n .22 rewolwer. Vir een of ander rede het die beskuldigde daarop aangedring om in die streekhof verhoor te word. Daar is egter besluit dat die vervolging in die landdroshof moet voortgaan. Op 15 Maart 2006 is die aanklag toe deur die staatsaanklaer in die landdroshof aan die beskuldigde gestel. Hierop het die beskuldigde op erg minagtende wyse geweier om in die landdroshof verhoor te word. Die beskuldigde is gevolglik op daardie datum op summiere wyse gevonnis weens minagting van die hof tot 6 maande gevangenisstraf en hierdie vonnis is op hersiening ingevolge die bepalings van Artikel 108(2) van Wet Nr. 32 van 1944, bekragtig.

[3] Hierna is die saak by etlike geleenthede uitgestel ten einde die beskuldigde in staat te stel om ‘n prokureur te verkry.

Uiteindelik, op 29 Junie 2006, het die landdros bevind dat die saak nie verder uitgestel kan word nie. Hierna het die beskuldigde obstruktief begin optree en ondanks herhaalde versoeke daartoe, geweier om in die beskuldigdebank in te gaan. Dit het gelei tot die oplegging van die onderhawige vonnis. Ek mag meld dat hierna ‘n praktiese benadering gevolg is en die saak toe wel vir verhoor in die streekhof verwys is. Met inagneming van die al die omstandighede van hierdie saak is ek bereid om te voldoen aan die versoek van die landdros dat die beskuldigde gevonnis word tot 6 maande gevangenisstraf weens minagting van die hof gepleeg gedurende die sitting van die landdroshof op 29 Junie 2006.

[4] Gevolglik word die vonnis van 12 (twaalf) maande gevangenisstraf wat die beskuldigde opgelê is op 29 Junie 2006, ter syde gestel en vervang met ‘n vonnis van 6 (ses) maande gevangenisstraf wat geag moet word opgelê te gewees het op 29 Junie 2006.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

Ek stem saam.

**C. VAN ZYL, R**

/em